**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 11 KONJUNKTUURGOLWE (1)** (Aard, definisie, aanwysers, samestelling, kenmerke, draaipunte, tendens)

1 Wat word die verskynsel van toenames en afnames in ekonomiese aktiwiteit genoem?

______________________________________________________________________

2 Wat moet bereken word om veranderings in ekonomiese aktiwiteit te bepaal?

______________________________________________________________________

3 Die owerheid kondig ’n groot staatsprojek aan om infrastruktuur uit te brei. Wat sal die implikasie vir werkverskaffing wees?

______________________________________________________________________

4 Hoe beïnvloed ’n toename in sakevertroue ekonomiese aktiwiteite?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

5 Wat is die onafhanklike veranderlike in grafieke wat die sakesiklus voorstel?

______________________________________________________________________

6 Watter fases in die sakesiklus word deur die volgende veranderings in die vraag na verbruikersgoedere aangedui?

6.1 ’n Buitengewone hoë vraag na verbruikersgoedere. ________________________________

6.2 Vraag na verbruikersgoedere net om basiese behoeftes te bevredig.

______________________________________________________________________

6.3 Die vraag na verbruikersgoedere begin toeneem. __________________________________

7 Waarom is ’n stygende tendenslyn in ’n konjunktuurgolf positief vir die ekonomie?

______________________________________________________________________

8 Gebruik die onderstaande raamwerk en teken ’n konjunktuurgolf met ’n dalende tendenslyn.

